Geliefde Lourensrivierder

Ek het in die week weer sulke mooi foto's van ons Dinamiet Kiedz, die suksesvolle Voedselfees, MAG (Meisies Agter God) Oggend en 'n Huis Jan Swart Uitreik geplaas♫♫

Sjoe! Ek het net weereens sóveel trots ervaar om deel van hierdie Gemeente te wees! Daar is wonderlike mammas, pappas, leiers en gemeentelede wat 'n geweldige verskil in hierdie gemeente EN die gemeenskap maak!

Het jy al ons Facebook Blad gaan ***LIKE***?? Nog nie?? Gaan sommer dadelik en word inspireer deur al die OORGEE, OMGEE, AANGEE wat hier gebeur♫ Doen dit sommer nou, anders mis jy uit 😉 Gaan na "**Lourensrivier SeMense**" of hier is die skakel:
https://www.facebook.com/OorgeeOmgeeAangee/
Wat kan jy alles op ons Blad sien?? Gereelde foto's, Bybeltekste, Stories van Hoop, inspirasie stories en video's, Gemeenskapsnuus asook ons fokusteks vir die week.

Kom, wees deel van hierdie Geloofsgemeenskap sodat ons SAAM Jesus se hande en voete kan wees vir ander vertel, inspireer en bemoedig♫

NUUSKRUMMELS: 20 SEPTEMBER 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Twee van ons gemeentevroue het die brawe hoed opgesit en die Camino de Santiago in Spanje gaan stap.
Erna Joubert en Suzette Lategan oefen al vir 'n paar maande en nou is dit vir hulle 'n werklikheid♫♫
Hulle het 6 September in Madrid geland. Met bus Saterdag, 8 September gery na Astorga en Sondag, 9 September begin stap.



Hulle het klaar gestap vir vandag. Op die kaart van die "I" af het hul nog 2km opdraend en daarna makliker afdraende na Santiago Compostela.
220km agter die rug,
nog 185km om te gaan tot by Finistere.

Erna se man Johan sê "*Hier by my het alles al gebreek..... die outomatiese wasgoedmandjie werk nie meer nie, die skottelgoedwasmasjien pak nie uit nie, die outomatiese wasgoeddraad werk nie... goed bly in wasmasjien.... die outomatiese strykyster skakel nie eers aan nie.... wat nog van stryk.... die outomatiese stofsuier wil nie uit die kas klim nie en so kan ek aangaan..*"
Toe ek vir hom vra wat het stilgestaan toe hy op sy Afrika fietstoer was, was sy antwoord... "*nie eers die grassnyer nie*..." 😊

Bid saam met ons vir hul veiligheid en gesondheid.

DINAMIET KIEDZ

Geen Kinderkerk Sondag, 23 September agv langnaweek en dan is dit skoolvakansie♫
Ons sien die Kindertjies weer op 14 Oktober, whoop-whoop!!

FEESMARK

Ek weet jy kan dit nie glo nie, maar die Feesmark loer al weer oor die onderdeur♫♫

Ons benodig tans vrywilligers om vir ons te help met die volgende:

- Hulp in die saal
- Hulp in die kombuis
- Hulp by die kasregisters

As jy lus is om saam met die Feesmark-familie ‘n paar uurtjies van jou tyd op te offer en die Fees-atmosfeer te ervaar, is jy welkom om vir Jackie by die Kerkkantoor te kontak @ 021 853 5991

Sal jy ook asb ons advertensie met almal deel? Maak dit sommer jou “profile” foto vir ‘n tydjie, as jy wil😊 Jy kan ook die Advertensie op ons Facebook Blad gaan “share”♫♫

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

Navrae:

Dr Andrew Kok
Bestuurder: Argief
NG Kerk in Suid-Afrika | Sinode van Wes-Kaapland
Posbus 34, Stellenbosch 7599
021 882 9923 | 082 500 6758
argief@kaapkerk.co.za
http://kerkargief.co.za

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

BERG-EN –SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS
Byeenkoms: Donderdag 4 Oktober 2018 @ 09:30
Plek: Moedergemeente Somerset Wes, Andries Pretoriusstraat, SW
Onderwerp: Raadslid Stuart Pringle praat oor Munisipale Dienste in die Helderbergstreek, o.a. die huidige watersituasie (hy sal ook vrae beantwoord)
Annamarie de Klerk open die byeenkoms en gesels oor haar 47-jaar-verblyf in Malawi.
Koste: R10 besoekers, R5 lede. Almal hartlik welkom!

HUIS PAM BRINK/ESPERANZA

Versorgingsdiens vir Ouer Persone

Huis PAM Brink
Myburghstraat 15
STRAND 7140

Huis Esperanza
Donaldsonstraat 11
STRAND 7140

'ONS VERSORG MET LIEFDE EN DEERNIS'

Telefoon 021 8544579
Faks 021 8544770

Telefoon 021 8547393
Faks 021 8548240

E-pos: esperanza.admin@gmail.com
Geregistreerde Organisasie Sonder Winsoogmerk (Registrasie nr 011-891)

17 September 2018

Namens die Bestuur en inwoners van Huis Esperanza wil ons baie graag al die gemeentelede hartlik bedank vir hul bydraes, ondersteuning en hulp tydens Huis Esperanza se basaar van 1 September 2018. Sonder julle kan ons glad nie 'n basaar aanpak en dit suksesvol behartig nie.

Elkeen wat na die basaar gekom het asook geholp het, het bygedra dat die geleentheid weereens 'n spesiale dag op ons kalender was.

Ons bly dankbaar.

MEV B V LOUW
Mev B V Louw
BESTUURDER

KNIEWERK

- Bid vir ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- Paul Louw (kanker)
- Yvonne Marx herstel na val
- Wilmien Wallis herstel na knievervanging

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 23 SEPTEMBER SE BOODSKAP: SPR 31:10-31 (18DE WEEK IN KONINKRYKSTYD - TALITHA)

Die kern vers is vs. 23 – die openbare uitspraak in die stadspoorte dat haar man hoog geag is.
Al word in al die ander verse gepraat van hoe goed die vrou is, word hier in die sentrale vers op die man gefokus. Hierdie vers verduidelik, dat vir 'n man om hoog geag te word, moet hy 'n suksesvolle vrou hê.
In die begin van Spreuke word wysheid as 'n vrou uitgebeeld. Aan die einde van die boek word so 'n wyse vrou beskryf as die model wat 'n man moet soek as 'n vrou vir hom. Hy moet 'n keuse maak tussen "Mev Dwaasheid" of "Mev Wysheid". Ons kan ook hier terugdink aan Gen. 2:18 waar die Here vir die man "iemand maak wat hom kan help". Daarom sal hy "uit die wêreld wat sy ouers vir hom geskep het", gaan na die "wêreld wat hy en sy vrou as 'n eenheid saam sal skep."
Iets anders wat sterk na vore kom in Spreuke, is dat hier sterk klem gelê word op verhoudings. Wysheid word gevind binne verhoudings: 'n man moet die Here vrees / dien; gehoorsaam wees aan sy ouers en die regte wyse vrou vind. Om as man en vrou die Here te dien, is ware wysheid. (Efes. 2: 8 – 9; Spr. 19:14)
~Ds Willem Botes~

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier